# Les 13 DIE HERE IS GEKRUISIG

## 1. ’n Straf wat wys wat God maak

Kom ons lees ’n vers saam uit die boek Deuteronomium in die Ou Testament:

[22] *“Wanneer iemand tereggestel word vir ’n oortreding wat die doodstraf verdien, en jy hang hom aan ’n paal op,* [23]*mag sy lyk nie die nag daaraan bly hang nie. Jy moet hom dieselfde dag nog begrawe, want wie opgehang word, is deur God vervloek. Jy mag nie die land wat deur die Here jou God aan jou as besitting gegee is, verontreinig nie.”*

Wie opgehang is, is deur God vervloek.

Om mense aan ’n paal op te hang, was nie sommer maar net ’n manier om hulle te straf vir hulle misdade soos wat regerings mense straf wat die land se wette oortree nie. Dit was ’n baie spesiale manier van straf. Dit was ’n straf om te wys wat God doen met hierdie mens. Daarom staan hier dat net mense wat God vervloek, aan ’n paal opgehang mag word.

Om iemand aan ’n paal op te hang, wys dat God hierdie mens vervloek het. Daarom mag hierdie straf net gebruik word vir mense wat God vervloek.

## 2. ’n Baie wrede straf

Die manier waarop hulle mense aan pale opgehang het, was nie om hulle sommer aan pale vas te bind nie. Dit is ook nie ophang soos om ’n tou om hulle nek te bind en hulle aan hulle nek op te hang nie. Dit was baie anders. Hulle het ’n groot paal gevat soos telefoonpale, die punt aan die een kant baie skerp gemaak en dan hierdie skerp punt onder die ribbes van die mens ingesteek en dan die paal opgetel, sodat die mens so aan die paal hang wat binne-in sy borskas insteek.

Dit is hoekom hierdie straf so verskriklik was – dit was die manier waarop gewys is dat God hierdie mens vervloek het.

## 3. God vervloek

God vervloek. Dit is wat hierdie straf wys. Maar wat beteken hierdie woord, “vervloek”? Dit beteken nie om iemand te vloek soos ons mense vloek nie. Ons vloek mense om hulle sommer sleg te maak en sleg te sê. God vervloek heeltemal anders.

God vervloek mense wanneer Hy besluit Hy gaan vir mense sleg wees en Hy gaan dit met mense sleg laat gaan.

Dit is iets anders as om sommer net swaar te kry. Wanneer ons swaarkry, is dit nie God wat ons vervloek nie. Dit is sommer maar net ons wat sukkel om iets reg te kry

omdat ons nie weet wat en hoe om iets te doen nie. Of ons kry swaar omdat ons sommer bietjie lui is en nie hou van werk en aanhou werk nie. Of ons kry swaar omdat ons ander dinge wil hê as die goeie dinge wat die Here vir ons gee.

Hierdie dinge is nooit God wat ons vervloek nie.

"God vervloek" beteken God wil nie met al Sy krag en mag vir jou goed wees nie. God wil Sy krag en mag gebruik om te wys Hy wil vir jou sleg wees.

**4. God wens nie, God doen**

Baiekeer wanneer ons vir iemand kwaad is, dan wens ons dat dit met daardie persoon sleg sal gaan of dat iets slegs met daardie persoon sal gebeur.

Dink en gesels 'n bietjie! Gebeur dit tussen julle dat julle hoor dat een van julle maatjies só kwaad is dat hy of sy wens dat dit sleg met iemand sal gaan?

Maar God is God. God wéns niks nie. Wat God wil, dit dóén God. Wanneer God vir iemand sleg wil wees, dan ís God sleg vir so iemand en dan sorg God dat dit met hom sleg gaan. God wens nie. God doen alles wat Hy wil.

Dit is wat gebeur as God iemand vervloek. God wil sleg wees en sorg dat dit met so persoon sleg gaan.

**5. Christus word gekruisig om te wys God vervloek Hom**

Christus is nie sommer maar net doodgemaak nie. Die Jode wou gehad het dat Christus op 'n baie spesifieke manier doodgemaak moes word. Kyk hoe wil hulle hê dat die Here doodgemaak moet word: *"[22]Pilatus sê vir hulle: "Wat moet ek dan doen met Jesus wat Christus genoem word?" "Kruisig hom!" skreeu hulle almal.[23]Hy vra: "Watter kwaad het hy dan gedoen?" Maar hulle skreeu nog harder: "Kruisig hom!"[24]Toe Pilatus sien dit help niks nie en dat daar eerder 'n oproer kom, het hy water gevat en voor die skare sy hande gewas en gesê: "Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie man. Dit is julle verantwoordelikheid."[25]Toe antwoord die hele volk: "Laat die skuld vir sy bloed op ons en ons kinders rus!"*

Die Jode het geweet dat iemand wat aan 'n paal opgehang is, deur God vervloek is. Daarom skreeu hulle dat Jesus gekruisig moet word. Hulle kon nie self vir Jesus straf nie, omdat die Romeine die regering was en hulle nie iemand met die doodstraf kon straf nie. Die Romeine het mense op baie maniere doodgemaak as hulle hul vir hulle misdade gestraf het. Maar die Jode wou gehad het dat Jesus gekruisig moes word. Want die kruisiging van die Romeine was dieselfde as die kruisiging van die Jode in die Ou Testament.

Hulle wou wys dat God vir Jesus vervloek het, dat God sleg is vir Jesus en sorg dat dit met Jesus sleg gaan.

**6. Jesus aanvaar dat God Hom wil laat kruisig**

Die Jode was nie sommer net wreed en sleg met die Here nie. Hier gebeur heeltemal iets anders as Jode wat sommer net wreed en sleg is met Jesus. Kyk hoe sê die Here wat met Hom moet gebeur: *“[17]Terwyl Jesus na Jerusalem toe op pad was, neem Hy die twaalf dissipels opsy, en so in die loop sê Hy vir hulle: [18]“Kyk, ons gaan nou Jerusalem toe. Daar sal die Seun van die mens aan die priesterhoofde en skrifgeleerdes oorgelewer word, en hulle sal Hom tot die dood veroordeel. [19]Hulle sal Hom uitlewer aan die heidene, wat Hom sal bespot en gesel en kruisig. En op die derde dag sal Hy uit die dood opgewek word.”* Matt.20.

Jesus wys dat dit God die Vader se plan is dat Hy gekruisig moet word. Dit was nooit die Jode se plan nie. Dit was God se eie plan. Jesus wys dat Hy self besluit het om gekruisig te word. Dit is nie sommer net die Jode wat so besluit het nie.

God se plan is dat Jesus gekruisig moet word. Jesus gaan deur God sleg behandel word en God die Vader gaan sleg wees vir Jesus. Dit is God se plan. Dit is hoekom Jesus gekruisig word.

Dit wys God het besluit om vir Hom sleg te wees en om dit met Jesus sleg te laat gaan.

Volgende keer gaan ons kyk: Hoekom?

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het

________________________________Handtekening: ouer of voog